DIE HOËR TEGNIESE SKOOL PRETORIA-TUINE

POSBUS 49196
HERCULES
0030

COMMERCIALSTRAAT 1025
PRETORIA-TUINE
PRETORIA
0082

TEL: (012) 379 2181/2 · FAKS: (012) 377 1254 · kantoor@htstuine.co.za · www.htstuine.co.za

03/02/2020

Geagte Ouers

Soos u weet, het 2020 ons geleer dat reëlings partykeer oornag kan verander en ons vra byvoorbaat om verskoning daarvoor. In die staatskoerant is daar gepubliseer dat GEEN leerder op die skoolterrein mag kom voor Maandag 15 Februarie 2021 nie. Die departement het ons egter gister versoek om al die administrasie, klasindelings, uitdeel van handboeke en skrifte af te handel die week voordat die skole begin. Sodoende sal die skool dan Maandag, 15 Februarie ten volle kan begin met die akademie. Hieronder volg die nodige reëlings. Ons vra dat u hierdie inligting met soveel moontlik ouers sal deel sodat almal bewus is hiervan. Skakel gerus die skool indien u onseker is van enige reëlings. (Kantoor: 012-3792181)

'WALK THROUGH' – UITDEEL VAN HANDBOEKE, SKRIFTE EN ANDER ADMINISTRASIE

Die leerders kom skool toe gedurende die tye soos aangedui. By die hek word hul temperatuur gemeet en die leerders word ingeteken. Voor die skool sal daar 'n tafel wees waar die graadvoog gaan sit. Hier sal hul dan hoor in watter klas en groep die leerder ingedeel is en ook hul klasrooster ontvang. Die leerders sal dan 'n afmerklysie ontvang wat sal aandui waar hul watter vak se handboeke asook hul skrifte moet gaan afteken. Hou asseblief by die tye soos aangedui is vir die verskilende grade.

09/02/2021	Graad 8	08:00-11:00	Tekkieraad	08:00-11:00
10/02/2021	Graad 10	08:00-10:00	Graad 12	11:00-13:00
11/02/2021	Graad 9	08:00-10:00	Graad 11	11:00-13:00

Maak asseblief seker dat alle uitstaande handboeke ingegee word op die bogenoemde datums sodat u kind sy/haar handboeke kan ontvang. Bring asseblief 'n skooltas saam om die skrifte en handboeke in te bêre.

Die leerders moet ook die sluitkassies ontruim wanneer hulle, hulle handboeke kom afhaal. Indien dit nie gedoen word nie, sal die slotte geknip word. Die bedrag van R200 per jaar kan nou al betaal word om jou sluitkassie te bespreek.

REËLINGS VANAF MAANDAG 15 FEBRUARIE 2021 WERK AS VOLG:

Die hek by Kampstraat (sirkel in Commercialstraat) word gebruik vir die leerders vir inkom en uitgaan **vanaf** Maandag 15 Februarie 2021.

WEEK 1			**WEEK 2**		
DAG	**DATUM**	**GROEP**	**DAG**	**DATUM**	**GROEP**
Maandag	15/02/2021	1	Maandag	22/02/2021	2
Dinsdag	16/02/2021	2	Dinsdag	23/02/2021	1
Woensdag	17/02/2021	1	Woensdag	24/02/2021	2
Donderdag	18/02/2021	2	Donderdag	25/02/2021	1
Vrydag	19/02/2021	1	Vrydag	26/02/2021	2

Die bogenoemde rooster word herhaal vanaf Maandag 01/03/2021-12/03/2021, 15/03/2021-26/03/2021 en so gaan dit aan totdat die skole sluit (ons is nog nie 100% seker van die datums nie).

Let wel ons werk vanaf hierdie jaar nie meer op ‘n 7-dag siklus nie, maar ‘n 5 dag rooster (Maandag-Vrydag). U kind sal dus 1 week ‘n Maandag, Woensdag en Vrydag se rooster volg en die ander week die Dinsdag en Donderdag.

Die Graad 12 leerders kom elke dag skool toe en gebruik nie die ruilrooster soos hierbo gegee nie.

Daar is elke dag (selfs Vrydae) klas tot 14:00.

Indien daar om een of ander rede op ‘n spesifieke dag nie skool is nie (soos bv. ‘n openbare vakansiedag) bly die leerders die bogenoemde program volg en val daardie dag net weg.

Die dag wat die leerders by die skool is, kry hul genoeg werk om die volgende dag by die huis ook te doen Maak asseblief seker u kind doen hierdie werk by die huis sodat hy/sy nie agter raak met die werk nie.

Die toetsroosters soos in die nuwe dagoek aangedui, sal ook as gevolg van die nuwe reëlings verander, dit sal op ‘n later stadium aan u deurgegee word.

Interhuis atletiek sal plaasvind in die week van die 22ste Februarie. Die finale reëlings sal op ‘n later stadium deurgegee word.

NUWE GRAAD 8 LEERDERS EN HUL ORIËNTERING

Die Graad 8’s se oriënteringsprogram sal Vrydag 19 Februarie 2021 vanaf 08:00 -16:00 plaasvind. Daar sal 9 Februarie by die skool meer inligting hieroor deurgegee word.

Baie dankie vir u samewerking in die verband. Ons glo en vertrou dat 2021 ‘n suksesvolle akademiese jaar vir die kind sal wees.

Mnr Martin du Plessis
Skoolhoof